

GIEL LOUW

Datum: 17 April 2011

Plek: Marion-Eiland

Vraagsteller (V): Dora Scott | Antarktiese Erfenis-projek | C-I-B | Stellenbosch Universiteit

Antwoordsteller (A): Giel Louw | SANAE IV | Marion | Konstruksie | Logistieke bestuurder

V: Wat maak oom hier?

A: Logistieke *manager* vir die konstruksie vanaf 2003 tot nou toe.

V: Goed. En wat presies behels dit?

A: Eintlik alles ... ! Ek het te doen met die personeel, natuurlik, van die *recruitment* van die personeel vir elke *trip* op van 2003 af. Ek het al die *trippe* gedoen.

V: Hoeveel in totaal is dit?

A: Ek dink dis nou 17.

Dis nou 17 *trippe*. Ons het 2 keer 'n jaar gekom, en dit is nou 8 jaar, né, tot vandag toe; dis die 8ste jaar wat ons ... van 2003 af. Ja.

V: Oukei. So dit behels maar die bestuur van die *equipment* en die mense?

A: Ek was eintlik ook betrokke gewees by die materiaal wat hiernatoe kom ... Al die materiaal, elke boutjie en elke wastertjie op hierdie gebou was my verantwoordelikheid gewees.

Hier is nie 'n hardeware plek om die draai nie, jou beplanning moet reg wees. Ons het van die begin af wat is die beplanning? Wat gaan ons nou op hierdie *trip* doen? Nou staan daarso, in daai stoor, staan daar 500 kratte. Nou moet jy beplan ... Nou sê jy *right*, jy gaan hierdie doen en jy moet ... daai kratte moet nou uitgehaal word, wat jy nou op daai konstruksiefase gaan doen. En bewaar jou as jy hierso kom en daai kratte is nie hier nie!

V: O gits! So as ek nou reg verstaan, is dit 'n geval van elke liewe konstruksie *voyage*, vir elke konstruksiereis, moet julle vooruit beplan, spesifieke gedeeltes wat julle nou in daai tyd gaan doen ...

A: Korrek.

V: En dan moet julle nou seker maak dat die toerusting wat julle nodig het om dit te doen ...

A: Korrek.

V: ... eerstens ingepak is ...

A: Dis reg, ja.

- V:** ... en tweedens hier aankom. En dan derdens, dat julle dit kan kry en dat dit nou nie die krat is wat heel onder is, onder al die ander nie.
- A:** Dis reg.
- V:** Goeie genugtig!
- A:** Wat baie gebeur het, is ook dat die kratte was nie reg gemerk gewees nie. Die kontrakteur ... Elke kontrakteur het natuurlik ... Hy't 'n paklys aangesit, dan't jy nou hierdie dik blaaie gekry. Nou hulle moes dit genommer het – as hy plate inpak vir die dak, of skroewe vir die dak, dan moet dit gemerk word dat daai skroewe is in ... hy's in krat nommer P123 of wat ook al. En dit het baie gebeur dat ons die kratte oopmaak en dan is dit nie daar in nie. Dan is dit in 'n ander sektor; dan is die krat verkeerd genommer.
- V:** En dan? Wat doen julle dan?
- A:** Dan moet ons plan maak. Dan moet ons ander kratte oopmaak, wat miskien ... vir iets anders bedoel het. En maar eers van daai materiaal gebruik. En nou moet jy kophou, want wat het jy oopgemaak en wat het jy beplan, dan moet dit weer aangevul word later. So dit was nogal 'n storie gewees.
- V:** Gits.
- A:** En dan nog die ander ... wat dit moeilik gemaak het toe ons beginne bou het, die kratte het op die ... Ons het mos nie stoorplek ... ons het mos nie 'n stoor hierso wat ons die goed in kan ... kan in bêre nie. En die goed wat ... jy kan jou sensitiewe goed, soos jou elektries en daai, kon jy nie nou afbring nie; jy kan dit nie vooraf uitbring nie. Die goed moet in die Kaap staan totdat ons reg is vir hom en dan kan ons dit eers bring. So dit ... het dit met een vaart gebeur dat hierdie enjins, wat hierso staan, dat hulle het 'n jaar hier gestaan ...
- A:** Dit is hoekom ons al drie, al drie al vervang het al.
- V:** Is dit nou die enjins, die *generators*?
- A:** Die *generators*, ja.
- V:** Want hulle moes buite staan, want hier's nie stoorplek nie?
- A:** Hulle het buitekant ... ja. Hulle moes buitekant kom staan het, want toe ons hulle wil installeer, het die vaart was reg gewees, die beplanning was reg gewees; ons sal hulle nou installeer. En toe ons hier kom, toe's daar van die materiaal van die gebou, was nie reg gewees nie. Die *beams* was verkeerd vervaardig gewees.
- V:** Ag ...
- A:** Toe was die *generators* hier, en jy kan nie weer die goed terugvat nie.

- V:** Nou wat het julle nou toe daarmee gedoen?
- A:** Ons het dit toegemaak, met seile toegetrek, en dit op die maaier gestaan, maar die enjins het seergekry. Dit was te koud en hulle het ... vog het binne-in die enjins ingekom. En hulle het geloop; hulle het geloop, maar hulle het baie olie gebruik.
- V:** Goed, oom het nou vertel van die enjins wat skade gekry het. Het dit gereeld gebeur met ander toerusting en so?
- A:** Nee wat. Nee, net die enjins wat bietjie seer gekry het, maar die items het ons vervang en diesel vervang. En dan was dit met UPSse ook.
- V:** O, is dit?
- A:** Hulle het ook ... hulle het 'n bietjie seer gekry. Maar hulle was onder dak gewees, maar omdat die kontrakeur ook so lank gevat het ... Die goed het nie gewerk nie. Vir 2 jaar het hulle gestaan met batterye op ...
- V:** Hoe het dit gekom dat oom toe nou hierdie werk gekry het?
- A:** Ek was by SANAE gewees, met die bou van SANAE betrokke gewees; SANAE IV. Toe was ek 'n ... My ambag is eintlik elektries. Ek is eintlik 'n *electrician*. Wat ons nou daar by SANAE gewerk het, toe ... die gebou is mos nou so, jy begin eers met die ... om die fondasie te bou en die *super structure*, soos ons sê, so die *electricians* kon nou nie dadelik gewerk het nie. Toe't ek van die ... Die elektriese werk kom eintlik as die dakke op is en dan ... Toe vir die eerste 2 jaar het ek op die depot gewerk, ook dieselfde ding, onder leiding van Kaptein Hendriks nog daai tyd – hy's nou op pensioen. En toe't ek op die depot gewerk en ons het dan materiaal vir hulle aangestuur.
- V:** Watse jaar was dit?
- A:** Dit was in '85 dink ek. '85; daar rond. '85, '86 was dit gewees. Ek dink so. Ek's nou nie heeltemal seker nie, maar dis om en by daar rond. *Anyway*, en toe ... Toe't ek nou SANAE 3 klaar gemaak, maar ek was nie voltyds daar gewees nie. Ons was 'n jaar op, 'n jaar af en dan't die ander ouens aangegaan maar. En toe hulle nou hierdie basis beginne, toe vra hulle vir my maar wil ek nie nou kom as die ... wil ek nie die logistiek vir hulle kom doen nie? Toe sê ek maar hoekom ... Hulle sê toe maar omdat ek die ondervinding het van daai ... van SANAE. Toe sê ek nee, oukei, ek sal die kans vat. Maar ek het vir hulle gesê as ek wil ingaan, dan ek wil klaarmaak; ek wil hierdie *job* heeltemal klaarmaak. En dis hoe ek hier in 2003 het ek met die logistiek beginne hierso.
- V:** Oukei. En wat het oom geweet van Antarktika en van Marion ... ?
- A:** My begeerte was altyd gewees daai tyd om in Antarktika uit te kom, want dit ... toe ek jonk was, was dit 'n groot avontuur vir my gewees. En ek het maar navraag gedoen en in daai lyn in begin beweeg en kennis gemaak met die mense. En so het ek in Antarktika en

die Suidpool ingekom. Maar ek het nie gevra hiervoor nie...! Toe ek nou eers in is, toe dink ek nou kan ek nie ontslae raak van die eilande nie lyk dit my!

- V:** Ja-nee, dit lyk so. So Marion was nie rêrig iets waarvan oom iets geweet het voor die tyd nie?
- A:** Nee.
- V:** Dis maar net nog iets van die SANAP-program ...
- A:** Nee, ek het net gehoor van Marion, maar ek het nooit eintlik ... Ek het nooit eintlik daaraan gedink eers om hiernatoe te kom nie.
- V:** Nou goed. Voor u nou die eerste keer op die skip geklim het in 2003 en daar volgende ... Watse voorbereidings moes julle doen vir elke reis? Maar spesifiek vir daai eerste reis, en dan ook verder.
- A:** Voorbereidings was natuurlik gewees om ... wel, die eerste ding is die personeel – om die regte tipe ... jou personeel te kry vir hierdie omstandighede; wat nie maklik gewees het nie. En ons het daai tyd het ons nog van die Weermag gebruik om die ... Lugmag eintlik; ons het baie van die Lugmagmense gebruik gemaak ... En wat wonderlik gewees het, goeie mense; mense wat in hierdie omstandighede ... Jy kan nie sommer enige iemand hiernatoe bring nie. Veral met die tipe werk wat ons gedoen het. Ek meen, daar was nie 'n dak oor ons kop gewees nie; dit is in die wind en die weer gewees. En dit was een van die grootste dinge ... om dít reg te kry en om die regte mense te kry. En daarna was dit om die klere reg te kry. Ons klere was 'n groot probleem gewees in die begin.
- V:** Ja, het dit net baie vinnig skade gekry en dan moes julle dit gereeld vervang, of hoe?
- A:** Dis reg. Daai tyd het ... die eerste klere, in 2003, het ons by DEA gekry. Maar die klere was nie geskik gewees nie. Dis te dun. Onthou, hierdie mense werk van 7-uur die oggend tot 10-uur die aand ...
- V:** Ja.
- A:** Dan moet hulle pale kap. Hier is 3000 pale ingekap hierso, pale wat wissel tussen 5 en 20 m diep in die maaier in. En dit is ... 20 m ... En dis 'n aanhoudende werk en dit is, soos ek sê, in die weer. En toe het ons die regte *boots* gekry; wel, ek het vir hulle die regte *boots* vir hulle gekry, Cami *bootse*. Dit is *silicon boots* met 'n spesiale *liner* in, vir die koue, vir die voete; die regte baadjie – dik baadjie, amper soos wat ons op SANAE gebruik het. En dan is daar natuurlik ... Jy moet die regte ... Dit moet ook soortvan waterdigte baadjies wees hierso.
- V:** Ja, virseker.
- A:** En die mense het deur baadjies gegaan hierso, deur klere gegaan ... Dit was ... Ek meen, dit is met staal wat jy werk, die goed hak. So, op die tweede *trip*, na ons dié goed gekry

het, het ons nie meer klere gehad nie. Toe't ek begin klere regmaak. Ek het die naaldwerkmasjien gevat en ek het baadjies en broeke en *overall*-broeke en goed het ek met die masjien ...

V: Maar self gesit en ... ?

A: Self gesit en naaldwerk doen soos 'n vrou! Want ons het nie ander klere gehad nie! Die klere wat ons het, het so vinnig beskadig met die staal en goed waarmee jy werk.

V: Jis!

A: So ek het self naaldwerk gedoen hierso.

V: My magtie!

A: Baie.

V: Joe. Nou, julle het elke keer met die Agulhas gekom, né?

A: Elke keer met die Agulhas, ja.

V: En watse kapteine was dit?

A: Die eerste kaptein ... Ons het twee, drie gehad; vier ... Daar was 'n Prinsloo; Prinsloo was die eerste kaptein gewees. Toe was dit *Captain* Dave Hall. En toe Freddie, want hy is daarin. En daar was *Captain* Jonathan ook gewees – ek kan nie onthou wat sy van gewees het nie. En Freddie ... en ...

V: Dan Gavin?

A: Gavin. So dis 5 kapteins wat ons op hierdie *trip* vat.

V: Sjoe; so geheen-en-weer ...

A: Ja.

V: Nou wat doen julle gewoonlik op die skip af en terug? Wat doen julle op die skip? Hoe vermaak julle juisself?

A: Die manskappe ... terug: die manskappe rus net. Want na hierdie werkery is hulle pootuit. Die eerste twee dae sien jy nie ... het jy nie een van hierdie manne gesien nie; het hulle net geslaap en gerus, net gaan eet en ... gewoonlik net soggens brekfis [*breakfast*] en dan sien jy hulle eers weer môre-oggend brekfis. Hulle het nie in die middag ... Hulle het vir twee dae ... wat hulle vas geslaap het. Ons natuurlik ... Dit was ek en Mike Murphy daai tyd gewees – ek weet nie of jy vir Mike Murphy ken nie?

V: Ja.

A: Jy ken vir Mike Murphy? Dit was net ek en Mike Murphy gewees ... Ons het ... As ons teruggaan, dan moet die manne se oortyd uitgewerk word, hulle *SNT* moet uitgewerk

word, en alles. So ons twee was die heelyd besig gewees tot in die Kaap, tot die boot daar is.

V: Met papierwerk en sulke dinge?

A: Met die papierwerk. So ons het nie daai rus gehad nie en die video's gekyk wat die manne gewoonlik kyk nie.

V: Aa, ek sien. Orraait. Op enige van die seevaarte, het daar ooit iets interessants gebeur, of enige insidente, of enige so iets?

A: Ja, met die tweede vaart wat ons hiernatoe gekom het.

V: Wat het gebeur?

A: Met die heel eerste vaart in 2003, toe't ons gekom van Augustus tot Novembermaand toe. Toe was die boot vol materiaal gewees, en toe ons naby die eiland is hierso, het ons ... van 'n *poacher*-boot, wat hier visvang.

V: O, die onwettige vissersbote?

A: Die onwettige visserboot wat hier gewees het, wat die *Patagonian Toothfish* gevang het ...

V: Ja; *toothfish*, ja.

A: Toe kom laai daai boot vir ons ... Toe't die Agulhas ons net op die eiland kom aflaa, en toe probeer hulle mos daai boot vang.

V: O? Oukei.

A: Toe los hy vir ons hierso, sonder materiaal, met 40 man hierso. Daar was nie materiaal gewees nie. Ons was ... Ons voorrade, persoonlike goeters ... die *refreshments* en die sigarette is alles op die boot. Het ons, daar was, 3 weke het ons hier gesit.

V: Aa ... ! Goeie genugtig – drie weke van niks doen.

A: Niksdoen. Ons kan niks doen nie. Al die materiaal is op die boot. Toe het ... Jy't 40 man hierso en die manne ... later, nou raak die manne verveeld en so aan. Vir 40 man moet jy besig hou. Dit is nie dat jy nie kan nie - dit kan 'n lollery wees.

V: Ja, anderster is dit moeilikheid ...

A: En toe kom die boot terug, en toe raak ons ... Toe is daar nie tyd om die materiale alles af te laai nie, want die boot moet op 'n volgende vaart gegaan het. Hulle het net 'n bietjie ... Hulle het net die nodigste vir ons ... Ons moes toe boot toe gaan om te kyk wat die nodigste is.

V: Joe!

- A:** Het ons dit probeer vinnig aflaai en die boot is toe weg met die materiaal. Toe moes ons ook, die helfte van die span moes toe ook teruggaan, want ons kan nie met 'n vol span hier staan nie; ons het nie die materiaal vir dit nie, vir die vol span nie. En dit was nogal 'n groot storie gewees, omdat, toe moet ons nou besluit wie gaan en wie bly.
- V:** Wie bly en wie gaan, ja.
- A:** Toe het ons eers gevra die *volunteers* ... Ons het gevra wie *volunteer* om terug te gaan. Daar was so 'n paar gewees, maar die meeste wou nie. En toe moet ons beginne om die mense nou ... hulle nou te sê 'jy moet nou gaan'. En dit was nogal hartseer gewees. Baie ouens, as hulle by my gekom het, dan het hulle ... dat hulle huil hoor, ek sê jou; dat hulle huil. Die manne ... groot manne, né ... dat hulle sê maar dit is nie ... Hy wil nie teruggaan nie; hy het gekom om hier te kom werk en hy't ook maar gekom vir die ou geldjie, weet, en so aan. Nou word hy teruggestuur en ... So dit was nogal hartseer gewees.
- V:** Ai; nee, dis nie lekker nie ... En verder, is daar enige ander vaarte of so ... ?
- A:** Nee, ons was baie gelukkig gewees. Met die tipe werk wat ons gedoen het, het ons geen ... Daar was geen ernstige ongelukke gewees nie. Ek dink ... Ek self het my arm gebreek een slag. Ek het my arm gebreek en die ouens het geval ... vinger gebreek, ja, maar rêrig waar niks ernstigs nie.
- V:** Dat die skip toe nou weer moes kom om te kom haal ...
- A:** Wat die skip weer moet kom haal of so nie. Ons was baie geseënd wees daaroor.
- V:** Nee, goed. Goed, nou, terug by daai eerste vaart ... Wat was die gedagtes toe oom die eerste keer vir Marion sien?
- A:** Toe hulle vir my wys waar ons hierdie plek gaan bou, toe sê ek ... Toe't ek vir myself gesê ek gaan probeer, maar ek dink hulle het die verkeerde besluit geneem. Dit moenie hiér gewees het nie! En ons het toe aangegaan en toe ... Want jy is so ... Jy weet nie hoe die dinge inmekaar eindelik gaan kom nie. Jy weet nie ... Jy het nou wel die planne gesien en so, maar ek meen, dit is so groot, dat jy ... Jy kan nie dink dat dat ons hierdie gebou sal so aanmekaar sal kry soos hy nou staan nie. Ek het rêrig gedink dit is onmoontlik. En onthou, ons is nie ... Dis nie eintlik ons lyn gewees nie, né. Ek meen, ons het meer ... Alhoewel dit nou ... ons vir SANAE gebou het, die *expertise* was nie meer ... het ons nie meer gehad nie. En ons moes mense opgelei het. Hierdie mense wat nou hier is saam met my, dit is die mense wat deur die jare saam met ons gekom het. En hierdie ouens het nie een geweet ... Hulle was toe nog nie een gekwalifiseerd nie. Hulle het nou, intussentyd, het hulle gekwalifiseer. Ons het hulle opleiding gegee, want as jy ... Jy werk nou by SANAE ... wat gewerk het, jy begin raak later 'n *allrounder*. Jy kan later ... Alhoewel ek elektries gewees het, het ek later *plumbing* gedoen; ek het *air conditioning* gedoen; ek het *carpentry*-werk beginne doen. Jy leer dit aan. En ons het die manne geleer, en hier is daai manne vandag. Die ouens wat hier is, kan omtrent alles

ook doen. Hulle is nou vandag ook *allrounders*. En baie van hulle het intussen gekwalifiseer in hulle ambag, né.

V: So dis 'n baie goeie geleentheid gewees vir hierdie ouens om hulle vaardighede te verbeter?

A: Definitief. Ek meen, hierdie gebou het vir hulle deure oopgemaak wat hulle nie gewoonweg sou oop gehad het nie.

V: Nou goed. Terug weer 'n bietjie by SANAE ... Die eerste keer toe oom nou die *ice shelf* sien ...

A: Ek het my doodgeskrik! Jy kom daarso en jy sien hierdie wal, 30 m-hoë wal, en jy het nie 'n idee van wat agter daai wal aangaan nie, of hoe nou verder nie. Dit is 'n groot ondervinding. En om te dink jy kan nou oorleef daar bo-op daai wal . As 'n ou dit vir die eerste keer sien, jy skrik jou dood! Jy dink die mense is mal! Daar het een outjie saam met ons gegaan, die eerste keer saam met ons gegaan, en hy het dit net so gekyk toe hy nou hoor wat alles gedoen moet word. Toe vra hulle maar as daar mense is wat ... die boot vertrek môre – toe't hulle nou net klaar afgelaai – as daar mense is wat nie kans sien nie – onthou, ons is nou vir 5 maande hierso – dan moet julle nou praat. En toe's daar hierdie een outjie wat gesê het hy gaan terug; hy sien nie kans hiervoor nie. Die ander, ons almal, het gebly.

V: Ag, ja ... Dis seker beter as jy nie kans sien om ...

A: Jy moet gaan, want vir 'n ou wat ... Dis my ondervinding ook hier gewees. Jy moet ... Daar anderkant, maak seker ... praat met die mense; luister, jy moet 100% seker wees. Sal jy dit kan hanteer? As jy nie, as jy twyfel, moet nie eers daarvoor dink nie, want jy kan nie met negatiewe mense werk nie. Dit is nou maar so.

V: En toe julle nou daai nunatak sien waarop die basis gebou is .

A: Die wat?

V: Die berg ...

A: Ja, ja ... ?

V: Toe julle nou die berg sien waarop julle nou die basis moes bou, hoe was dit?

A: Dit was ... Dis 'n grote nagmerrie gewees, om te dink jy moet in daai klip in, moet jy boor. Daarso ... Daar het my moed my amper begewe, want ek meen, daai wind en daai koue, daai minus temperature ... En ons het in daai klip in ... Dit is ook iets ... Ek kan dit nou nog nie glo dat ons daai ook gedoen het nie ... Ek meen, dit is ongelooflik.

V: Nou, toe julle nou by die SANAE-basis aankom, waar het julle gebly? Ek praat nou van die span spesifiek wat nou moes kom en die nuwe basis bou.

A: Ja. Ons het die eerste keer in 'n tydelike basis buitekant gebly.

- V:** O, oukei.
- A:** Dis omtrent so 100 m van die *main* basis af, waar ons gebou het; op die vlakke daarso, so 100 m daar vanaf, het ons gebly. Dan't jy elke oggend met die skidoo's daar vanaf opgery werk toe. Teetyd kom ons af; *lunch*-tyd kom ons af, dan gaan ons weer terug. Ons het paaie uitgery, sulke uitwalletjies later uitgery; ons het later geweet ... alhoewel daar 'n storm was, ons ry dwarsdeur daai storm, want die spore lê daarso.
- V:** Gelukkig!
- A:** Ja, gelukkig lê hulle daarso.
- V:** Maar julle was nooit daar gedurende winter nie?
- A:** Nee, ons was gewoonlik daarso gewees van ... ja, Desember ... Ons het Desember daar aangekom en Maart, Aprilmaand weer teruggekom.
- V:** Oukei, voor dit nou heeltemal winter raak.
- A:** Ja. Net voor die winter. Ek het die son ... Die son het daar, terwyl ons daar was, het hy vir 24 ure het die son geskyn, so ons kon baie werk gedoen het! En dan net voor hy ... Die laaste maand gewoonlik voor ons terugkom, so Maartmaand, dan begin jy sien; dan begin die son net so ... vir 'n halfuur gaan hy onder en dan kom hy weer uit. En dan raak hy al hoe langer. As ons weggaan, het ons darem so 'n bietjie nag gesien; so vir 'n halfuur het ons bietjie nag gesien.
- V:** En hoeveel manne was daar wat aan die SANAE-basis gewerk het?
- A:** Op 'n fase?
- V:** Ja, op 'n fase en op ...
- A:** Op 'n fase was ons so, as ek nou reg kan onthou, was ons ook so in die 25 tot 30 toe, op 'n fase gewees. En jy moet natuurlik ook onthou, dis beter tipe werk; dit is meer hanteerbaar – jy't voertuie, jy't krane daarso; jy't voertuie met krane op, wat vir jou die goed kan oplig. Hier, hier moet ons ... op Marion-eiland moet ons ... dis alles handewerk gewees; handearbeid. Die *hangar* wat ons gebruik ... Voordat ons hierdie twee klein kraantjies gekry het, moes ons ... jy kan nie met 'n voertuig ry tot daarso toe nie; die goed moet gedra word daarnatoe.
- V:** Oef!
- A:** Hierdie balke moet gedra word; elke paneel van hierdie gebou, wat op stapels hier buitekant gepak was – in kratte natuurlik ook, wat genommer is – en om so een paneel te dra tot hierso toe, want dit het net langs die *hangar* gelê, dit is 15 man wat om 'n draai hiernatoe loop. Hy weeg omtrent 1.5 ton, dié ding.
- V:** Jô; goeie genugtig!

- A:** Ja. So, die kan 'n ou nogal swaar dra. Ons het hom 15 man gedra. So dis wat dit so moeilik gemaak het hierso. En dan moet jy onthou, dan val jy nog in ook, in die maaier, ook nog. Nou dit het baie gebeur dat die ouens dra en die voorste ou loop in die maaier in en hy val in die maaier in. Nou moet almal hom, met die paneel, ...
- V:** Uittrek?
- A:** Nou moet hulle eers wag, dat hulle half op die man half ...
- V:** Sodat hy kan vasgryp?
- A:** Sodat hy kan vasgryp en ...
- V:** Hulle hom kan uittrek ... Sjoe, watter storie!
- A:** Nee, dit was 'n storie. Hierdie ... Die handarbeid hier was twee keer soveel soos..
- V:** Op SANAE?
- A:** Op SANAE gewees.
- V:** Oukei. Het oom gevind – as oom dit nou vergelyk en terugkyk – dat dit bietjie makliker was op SANAE?
- A:** Dis is definitief baie makliker gewees.
- V:** Hoekom?
- A:** Soos ek gesê het, daar was voertuie om jou ... met krane op, wat die werk met die helfte makliker maak. En alhoewel die koue ... dis bietjie kouer daarso, maar ons het baie goeie klere gehad daarso, ek moet sê. Hierso is dit te koud en nat, en jy's natgereën en dit reën hier by jou in. Jy kry nie rêrig waar warm klere wat jou droog hou hierso nie. En as jy nat raak, dan's dit 'n probleem. Dan verloor jy ... Dan partykeer is die mense so nat, jy moet hom terugstuur om te gaan droë klere haal, en terugkom. So hierdie was baie swakker werksomstandighede as by SANAE self.
- V:** So is dit maar ... Wat het dit nog moeilik gemaak? Maar die weer ... ?
- A:** Die weer het dit moeilik gemaak. Die arbeid het dit moeilik gemaak. Ons het ... En dan die kos natuurlik. Ons het party slae, om die moraal van die mense hoog te hou, moet jy goeie kos hê en jy moet warm kos hê, en ons het nie altyd chefs gehad wat daai kundigheid gehad het nie. Ons het maar baie probleme daarmee gehad ook.
- V:** Dat die ouens nie lekker kon eet nie?
- A:** Ja.
- V:** En dit is dan natuurlik ...
- A:** Ja. En die ander groot probleem, wat ons nou nog nie reggekry het nie, jy kry nie jou waterdigte handskoene nie. Jy kry waterdigte handskoene, maar dis die handskoene ...

hulle is nie warm nie. Ons kon nooit die regte handskoene kry nie. Handskoene reg, maar hulle raak nat; handskoene waarmee jy moet kan werk, moet kan buigsaam wees. Jy moet kan voel; dit moenie te dik wees nie. Want onthou, ons draai boutjies en moertjies en wasters vas, en so aan. So handskoene was altyd van dag een af 'n probleem gewees.

V: En op SANAE, wat was die probleme daar?

A: Op SANAE, die ouens kom nou daarso en die klere daarso word nie nat nie. Dit was 'n pluspunt gewees. Maar op SANAE was dit maar net die koue gewees. Lang ure en die koue. Jy kan nie heeltemal jou gesig bedek nie, so die koue was 'n groot faktor daar gewees. En dan het jy natuurlik het jy ... om in daai berg te boor ... die bore breek en dit was baie probleme op SANAE gewees.

V: Jô. Nou maar goed ... Sê gou vir my, hoe lank het julle gevat om die SANAE-basis te bou?

A: SANAE-basis het gou gegaan. Ek praat nou onder korreksie – Hein sal nou beter weet; jy was meer betrokke gewees by SANAE – maar ek verbeel my 5 jaar, waar hierso ... ons moes al 2006 klaar gewees het. Maar as gevolg van foutiewe materiale wat gekom het hiernatoe is ... Dit is hoekom ons nou nog sukkel.

V: Hoekom alles nou vertraag is ...

A: Hoekom almal vertraag is.

V: Ja, so ...

A: Hierdie *central hub* hierso, sy *beams* moes ons alles teruggestuur het. En dis 'n stuk of 30 wat ons ... dis so soortvan op hokkiestokke, wat die *profile* was, was verkeerd gewees. En ons het hulle almal weer teruggestuur Kaap toe; hulle moet oorgebuig gewees het en weer gekom het.

V: Ai-ai-ai. O, so dit het alles bygedra daartoe dat dit langer gevat het en ...

A: Dit het alles bygedra. En baie van die *beams* ... Die *super structure* aan hierdie gebou was ook verkeerd gebuig gewees, en die gate aan die verkeerde kant. En dan moet ons die balke hierso verander. Jy moet hier, hier moet jy die gate boor in hierdie dik staal in. En die meeste van hulle omtrent is ... was verkeerd geboor; die gate was op die verkeerde plek gewees. Die panele buitekant ... Nou kom jy met die panele agterna en die weer is die panele weer ... die gate ... hulle *line* nie op nie. Dan moet jy ander gate boor. Dit is wat dit so vertraag het.

V: Nou, toe julle nou hier aangekom het, waar het julle gebly?

A: In die ou basis.

- V:** Oukei. So daar was toe nou genoeg plek gewees vir julle span en ook nou vir die wetenskaplike span wat daar was?
- A:** Ja.
- V:** En hoe was hulle interaksie met die jaarspanne?
- A:** Ons het twee fantastiese jaarspanne gehad in 2003 en 2004. Fantasties – die mense het absoluut saam met ons gewerk en hulle was net so deel soos ons gewees. En daarna het die jaarspanne ... Daar was swak ... Ons kon nooit daarna weer eintlik saam met die jaarspanne ... As ons hierso kom, dan laat hulle jou voel soos indringers.
- V:** O, ek sien.
- A:** Jy kan verstaan, ek kan dit ook verstaan, want dis nou met een geleentheid hierso wat ... het ons vir 3 maande hier gebly, en toe besef ons ons raak agter. En toe sê ek vir Mike hulle moet 'n span bymekaar kry daar anderkant en vir ons soortvan kom aflos. En hulle kry toe daai span bymekaar, maar daar was nie genoeg bestuurders gewees nie, toe sê ek vir hom *well*, om dié *job* te red, dink ek ons moet maar nog 'n maand of 3 aanbly. En toe't ons 6 maande hier gebly, en terwyl ons toe 6 maande hierso bly, toe't die nuwe ... toe die nuwe span inkom na 6 maande, toe het ek ook amper soos dié mense gevoel nou. Weet, hier kom nou al weer ...
- V:** 'n Hele klomp vreemde mense; wat maak hulle nou hier?
- A:** Hier kom nou vreemde mense, indringers, in en weet, want jy jou roetines en goed wat jy doen, wat jy ewe skielik nie meer mag doen nie. Jy't nie meer daai vryheid nie en alles; daar's mos nou nuwe mense op die plek in. So ek kan dit in 'n mate verstaan vir hulle, maar hulle ... Jy is definitief 'n indringer as jy hierso kom en die jaarspan is hierso.
- V:** Ja ...
- A:** Dis nou maar feite. Dis nou maar so.
- V:** So die jaar ... So dit het nie altyd so goed gegaan tussen die werkers en ...
- A:** Ja-nee, dit het nie altyd so goed gegaan nie. Jy kan altyd gevoel het daar's 'n gevoel. En dan, snaaks, dan's dit eers hier aan die einde van die *trip*, dan kom dit weer reg.
- V:** Dan begin almal bietjie warmer raak en ...
- A:** Ja, begin dit bietjie warmer raak.
- V:** Orrait. So julle het nooit ... Het julle partykeer bietjie saam met hulle gekuier, of is dit maar net die eerste spanne eintlik?
- A:** Net met sekere ouens.
- V:** Oukei.

- A:** Ons het net gekuier met die ouens wat jy nou voel oukei, *right*, hulle aanvaar jou en so aan, jy weet. Maar ons het nooit saam met die jaarspan gekuier nie, behalwe as daar nou 'n gesamentlike geleentheid was.
- V:** Funksies?
- A:** 'n Funksie, of so iets; jy weet. Maar ons het nooit saam met hulle gekuier nie.
- V:** Oukei.
- A:** Nou nog nie.
- V:** 'n Dag in die lewe toe oom op SANAE was en hoe dit nou verskil, 'n dag in die lewe, nou op Marion.
- A:** 'n Dag in die lewe op SANAE?
- V:** (Ja.)
- A:** Joe ... Bedoel jy nou wat ons doen, of ... ?
- V:** Ja, daaglikse roetine en so.
- A:** Daaglikse roetine ... Op SANAE is dit ... Soggens is dit brekfis 6-uur in die môre; 7-uur op die *job*; kwart oor 7 op die skidoo, in die sneeu opry basis toe, werk, en jy sien uit na 'n dag wat daar ... daar moet tog asseblief 'n *whiteout* kom – sodat jy bietjie kan rus! En dat dit tot vanaand 10-uur ... jy kan nie wag tot 10-uur, totdat die horlosie 10-uur slaan nie, dat jy net weer kan teruggaan en gaan slaap nie. Jy is op na die dag. Dit is die roetine gewees van SANAE, elke dag, en dit is eintlik ...
- V:** Vir jare, né?
- A:** Vir jare, vir 5 jaar; ek was vir 5 jaar by SANAE gewees. So dis jou roetine daarso. Daar's geen afwyking nie. Jy kan nie sê jy kan nou of jy wil nou graag iets anders doen **V:** Hier by Marion?
- A:** ... is by Marion ook gewees. Ek wil sê, ek wil graag terugkom ook as 'n ... in 'n ander *job*, dat ek ook kan veld toe gaan en so, maar jy moet ... In die oggend ... Jy't 'n span ... Jou span wat moet werk, jy moet daai span besig hou. En so ... Dit is maar dieselfde hier; ons het nie ander afleiding nie. Ons maak maar ons afleiding. Partykeer hou ek maar ... hou die ouens 'n verjaarsdagpartytjie ... Ek het hierso ... Die een *trip* ... ek het 3 keer verjaar, want jy kan voel na 'n week lank, is die mense af. Hulle raak knorrig, jy weet, en jy moet dan vir hulle 'n *break* gee. So dan sê ek sommer ek verjaar, vanaand, dan hou ons 'n *party*. Dan maak die manne 5-uur klaar, dan begin hulle weer die volgende môre 7-uur. Net om die mense 'n slag 'n *break* te gee. En dit het gewerk, elke slag. Môre het jy 'n nuwe man as die manne net weer 'n slag 'n goeie kuier gehad het en hom uitgewoed het; dan môre is hy weer reg.

- V:** Nou het julle ooit geleentheid gehad om bietjie in die veld te gaan stap, op die eiland rond te loop?
- A:** Ons het net aan die einde van die *trip*. Aan die einde van die *trip*, dan gaan ons vir een dag, veral die nuwe man wat gekom het, want hulle vra vir jou die heeldag ... Hulle het net gewerk, gewerk, gewerk ... Kan hulle net 'n bietjie gaan stap? En dan gee jy vir hulle die dag af en sê ... Dan vra hy een van die jaarspanlede om saam met hulle ... om hulle saam te vat, en dan vat hulle die mense ... Hulle kry die dag af en dan gaan hulle by Ship's Cove en Tripodag die mense;; dit is die verste wat hulle gaan.
- V:** O, so dan bly hulle maar so in die driehoek?
- A:** Dis maar in die driehoek wat hulle bly.
- V:** En dan kyk hulle nou maar wat hier aangaan. Wat is hulle reaksie op die dierelewe en voëls en so aan?
- A:** Almal ... Ek is verbaas ... Soos ek netnou vir jou gesê het, of aan die begin van die onderhoud, het ek gesê, as hulle hierso klaar gewerk het, dan vir die eerste twee dae, dan rus hulle net. Nou het ek gedink dat die mense sal nou ook liewers daai dag gebruik om te rus, want dis hulle vrye keuse om te besluit of hulle wil gaan loop of nie wil loop nie. En tog, meer as die helfte van die span het altyd geloop, en die terugvoering wat ons gekry het, is die mense het die baie geniet. Hulle wil eintlik nog 'n ekstra dag hê ... maar ons kan dit nie bekostig nie!
- V:** Ja, om nog weer verder te gaan kyk ... Goed. So het daar ooit ... Ek aanvaar dis nou dieselfde ouens wat julle die afgelope 7 jaar gebring, of die afgelope 10 jaar, gebring het nie.
- A:** Ja.
- V:** So dis elke jaar, dan kom daar 'n paar nuwe ouens by ...
- A:** Verskillendes, ja.
- V:** En ouens val weg ... Die *PWD*-werkspan nou spesifiek, is daar al ooit partykeer moeilikheid tussen die ouens? Want dis seker maar ... Hulle werk tog ... Dis 'n klein groepie wat moet saamwerk. Is daar krappigheid wat ... tussen die mans?
- A:** Ja, baie; krappigheid, baie. Ja, daar's baie gewees. Ons het nou, met die laaste span wat ons hier gehad het, het ek baie moeilikheid gehad. Hier was twee ... Daar was twee ouens gewees wat die vrot kol veroorsaak het. Hulle het ... En hulle steek die mense aan. So erg so dat ek het vir hulle *warnings* uitgeskrywe en later die *final warning*, en hier het goed weggeraak, en van ons ou manne sê vir my maar ek moet daai mense uithaal; hulle kan nie saam met daai mense lewe nie. En toe die boot kom Novembermaand, om ons te kom haal, die hele span was krapperig gewees as gevolg van daai twee mense. En toe die boot kom, het ek hulle uitgehaal en ek het hulle boot

toe gestuur. En ons wag toe vir 8 dae – vir 6 dae moes hulle hier gewees het – onmiddellik toe hulle, daai twee mense, weg was ... toe's die span kalm, die manne werk lekker, daar's weer die ou gesindheid onder die mense ... Maar net daai twee mense ...

V: So dis maar 'n kwessie van bestuur en ... ?

A: Dit, en ons het vir die mense hoeveel keer ... het ek vir die mense gesê hulle moet luister. En daar by ons is 'n werkwinkel. Ons haal die mense uit, uit ons eie uit, uit ons werkwinkel uit. Laat ons die mense kies. Ons ken die mense. Ons werk nou al 8 jaar saam met die mense. Laat ons ons span as 'n span self kies, en dan word daar vir ons gesê, nee, ons moet nog vir ander mense ook geleentheid gee. Ek stem saam, en ons hét vir ander mense geleentheid gegee, maar hulle het soortvan vir ons gesê ons kan hierdie en hierdie saamvat, maar ons móét hierdie saamvat. Ons kan on ou span saamvat, of die helfte van die ou span saamvat, maar ons moet hierdie, hierdie, hierdie vat. En ...

V: Hierdie nuwe ouens vat en dan ...?

A: En dit is 'n groot moeilikheidmaker.

V: Is dit? Want die ouens ken mekaar natuurlik nie almal nie en dan ...

A: *Exactly, exactly.* En dit was laas jaar se probleem gewees. En dis hoekom hulle nou gesê het ... Ek het nou gesê, op hierdie vaart waarop hulle nou afgekom het, toe't ek vir Ross . toe sê ek vir hom, jy kan vergeet daarvan; ek klim nie op daai boot nie as ek nie die regte mense nou kan kry nie. Want ons het nog, met die opening veral, *VIPSs* wat saam met ons kom ... Weet, toe sê ek as ek nie die regte mense kry nie – en Hein het saam met my gestem – dan klim ons nie op die boot nie en ons gaan nie die vaart doen nie. Julle kan ander mense kry om hierdie te kom doen.

V: En toe?

A: Ek gedink hulle maak ... ek het gedink [? 36:29]. En [? 36:31] het toe saamgestem; “ek weet dit,” het hy gesê; gesê die name wat ek hom gegee het, het hy net so aanvaar, en dis die span wat hier is. En ek kan jou nou sê, hierdie span wat nou hierso is, ons het probleme gehad met drank wat wegraak, met goed, met klere wat wegraak, horlosies en goed – hier staan alles oop; daai *bar* is ... daar onder ... Daai *bar* is daarso ... Daar's hoeveel drank staan in daai koelkas daarso – niemand raak daaraan nie.

V: Oukei goed. Dis maar 'n geval mens moet betroubare ouens kry, dan gaan die werk ook beter, want almal werk lekker saam?

A: Jy moet betroubare mense ... Kom ons sê, as jy hierso kom, moet jy ... Die tipe werk wat hierso is ... Ons kan nie ... Want aan die begin, as ons 3 maande of 4 maande kom, daai eerste maand sukkel ons net mooi om die mense op te lei eers.

- V:** (Ja), want hulle moet natuurlik gewoon raak aan die omstandighede en die toerusting en ... ?
- A:** Gewoon raak aan die omstandighede ... Hulle moet heeltemal in heeltemal ander omstandighede hierso. En dit was ook deel van ons vertraging ook gewees. Nou hierdie span, dieselfde span wat hier is, die manne kan nie gou genoeg van die boot afklim om te begin werk nie. Daar's nie 'n ding ... Jy hoef nie nog vir hulle te wys, hulle weet wat hulle doen.
- V:** En hoe is dit vir hulle om hierdie snaakse omstandighede te werk? Want dis mos heeltemal vreemd.
- A:** Hierdie ouens, hulle is nou al ... Nee, hulle is gewoon daaraan. Dis eintlik vir hulle 'n trots en dis hulle trots dat hulle hierdie gebou kan gebou het, dat hierdie gebou nou hier staan ...
- V:** Dat hulle hom kon sien rys?
- A:** Van die begin af. Hier's 'n paar manne wat nou nie hier kan wees nie, maar ... en hulle voel bietjie ongelukkig, maar dis as gevolg van persoonlike omstandighede natuurlik.
- V:** Ja natuurlik ... En hoe ... Wat dink oom van hierdie nuwe basis?
- A:** Ek dink dis 'n fantastiese plek. Ons moet net hierdie daklekkie regkry!
- V:** Daklekkie? Ai!
- A:** Die daklekkie! En hierdie daklekkie is 'n groot probleem wat ons nie sal maklik sal kan oplos nie.
- V:** En hoe voel julle oor die muise wat ingetrek het?
- A:** Ons het saam met die muise geleef van 2003 af; dit hinder nie eintlik ons nie! Behalwe dat hulle moet net nie ons geboue beginne opvreet nie, skade aan die geboue maak nie. Maar nee, die muise pla nie eintlik vir my nie. Ek weet dat ... Ek hoor dat op 'n stadium ... dis net op sekere plekke. Ek weet nie wat hulle daar doen nie, maar hulle sal moet 'n plan maak met die muise, definitief; hulle sal moet 'n plan maak met die muise. Daar's nie 'n oplossing eintlik nie, né?
- V:** Ja ... Julle het mos 'n tydjie ook in hierdie basis gebly?
- A:** Ja.
- V:** En hoe was dit toe nou om te trek van die ou basis, wat julle ook nou al jare lank in bly, alhoewel julle nou die nuwe basis bou, en dan nou ewe skielik in hierdie nuwe plek te kom bly?
- A:** Ons het nie weer teruggekyk nie! As jy ... Dis soos 'n hotel hierdie! Ek meen, as jy eers ... Ek het al die jare in die ou basis gebly. Ek het op kraanpunte vir my 'n huisie aanmekeer

geslaan daarso, wat Hein op die oomblik in bly. En ek het baie lekker gebly, maar toe ons eers ... Ons het natuurlik eerste ... Die konstruksiespan het die eerste hier ingetrek, en hierdie jaarspan het maar laas jaar Oktobermaand, het die jaarspan hier ingetrek. Toe bly ons al hierso. Maar vandat ons hier ingetrek het, het ons nie ... As jy kyk na die omstandighede en hoe meer gerieflik dit hierso is, dan dink jy nie eers weer aan die ou basis nie; nie rêrig waar nie.

- V:** Goed. So julle het maar ... Om terug te kom by die roetine en die daaglikse ding ... Julle het maar ... So julle het maar chefs gehad wat gekook het?
- A:** Ja.
- V:** Julle moes nooit ...
- A:** Ons het altyd 'n chef saamgehad.
- V:** En die ouens het dan nou nie baie tyd vir hulself gehad vir ontspanning of so nie?
- A:** Nee.
- V:** Hulle het maar net skouer aan die wiel, sewe dae 'n week ...
- A:** Sewe dae 'n week ... Maar eenkeer 'n week het ons, gewoonlik Saterdaggaande ... Ons het sewe dae 'n week gewerk, van 7 tot 10-uur in die aand, wat vir jou gee 15 uur, né, maar Saterdaggaande gewoonlik, het ons 7-uur opgehou.
- V:** Sodat hulle nou 'n bietjie kan ontspan en so?
- A:** Sewe-uur opgehou en dan begin hy weer die volgende oggend sewe-uur. Maar partykeer was daar spesiale geleenthede ... As 'n ou verjaar, het ons miskien 4-uur al opgehou, jy weet, as dit oor die naweek is.
- V:** Orraait. Nee goed. Nou, wat is die moeilikste ding, van alles nou, die moeilikste ding om SANAE te bou, en die moeilikste ding om hierdie basis op Marion te bou?
- A:** Die moeilikste ding om op SANAE te gebou het, sal ek sê, is die fondasie van daai gebou; om hom in daai berg, in daai klip, in te sit. En hier ... hier was die fondasie bietjie makliker gewees. Dis maaier; dis nie so erg nie, behalwe die koue en die lang ure. Maar hier, die moeilikste ding om hierso te gebou het, was daai braaikamer daar agter.
- V:** Hoe so?
- A:** Want daai braaikamer moes ons al seker hier in 2007 al gebou ... moes hy al klaar gewees het. Jy kan nie ... met daai glaspaneel daarso ... en die wind word daar gemaak ... Om daai braaikamer ... dit was nogal nie ... En elke dag, dan's daar beplanning, en dan steek die weer op, dan kan ons hom nie bou nie. Maar ons het hom darem toe laas jaar ... het ons 'n paar mooi dae gekry en ons het die glas beginne insit en gelukkig het ons daai venster gekry om dit te doen.

- V:** Nee, maar dis 'n baie mooi plek.
- A:** En dit was moeilik gewees om daai ding ... En die *sealer* ... Kyk, daai venster word net geplak eintlik. In Suid-Afrika is dit 12 ure wat daai goed vat om droog te word. Hier het hy 7 dae gevat, hierso.
- V:** Genugtig!
- A:** Hier in die koue omstandighede. En ons moes hom ... Toe die vensters in is – ons moes eers 'n klomp vensters insit, die helfte insit, en dan moet hy gestut word en vasgemaak word, en hoop en bid dat daar nie groot winde kom nie ...
- V:** En al die glas breek nie ...
- A:** En al die glas uitwaai nie. So hy moes stewig gestut gewees het en ...
- V:** Joe!
- A:** Dit was nogal 'n *job* gewees om hom te bou.
- V:** Maar is oom nou tevrede met hoe hy nou lyk en het oom geleentheid om self daar te braai en so?
- A:** Dis die plek wat ek die meeste geniet op die oomblik. Ek het die langste gewag vir hom. Dis die plek wat ek die meeste geniet. As ek daar sit, is ek rustig, en ek dink aan al die geswoeg en sweet.
- V:** Ja, dis 'n baie mooi uitsig.
- A:** Dis 'n baie pragtige uitsig, ek moet sê.
- V:** Nou van al die jare wat nou deurgebring is op Marion, en ook op SANAE, wat was die lekkerste dan?
- A:** Teruggaan huis toe die dag! Dit is die lekkerste ding! Kyk, kom ons wees eerlik. Vir my was dit ... Aan die begin was dit 'n groot avontuur gewees en so aan. Dit is vir my die afgelope 3, 4 jaar is dit uit en uit 'n werk vir my gewees. Dit was 'n *job* om hiernatoe te kom en daai avontuurlustigheid is verby. Hierdie plek het my klaargemaak. Al die klagtes wat jy ontvang en al die probleme en ... Dis nie lekker nie. En veral ek wat logistiek doen – die personeel val onder my – dit ... jy moet pa wees en jy moet ma wees en jy moet alles wees; jy moet sieletrooster wees ... en die vroue bel vir jou – daar's probleme: die mense gesels nie hulle dinge met die vrou by die huis uit nie, die geldelike sake nie; daar's rekeninge wat nie betaal is nie as die man hier is, en die vrou bel die man hierso, dan sê sy vir hom – dis een geval wat ek gehad het – dan sê sy vir hom maar sy het probleme met die bure. En hoe meer ek vir hulle sê aan die anderkant 'sorteer julle dinge uit voor julle kom' – 'nee, als is reg'; as hy hier is, dan ... En om te doen wat ons doen, jy moet 'n vrou hê daar aan die anderkant wat vir haarself kan sorg, wat vir haarself kan dink en alles. En daar's nie meer baie van daai vroue oor nie lyk dit my ... !

My vrou, byvoorbeeld, as ek by die huis kom, dan sê ek maar die kar moet *geservice* word, dan sê sy maar's hy's laas week *geservice*. Dan sê ek oukei, ek sal Saterdag gras sny, dan sê sy maar daar's tuindienste wat dit kom doen Maandag; o, oukei ... !

V: Ons is nou nog besig met die lekkerste ding ...

A: Die lekkerste ding het ek gesê is op pad huis toe. En die ander lekker ding wat ek vreeslik na uitsien, is Saterdaggaande my braaitjie, dat ek bietjie kan ontspan!

V: Ja, en die son sien!

A: Ja, die son!

V: Het daar enigiets in Suid-Afrika gebeur van geskiedkundige belang, of so iets, terwyl oom-hulle hier was, of selfs op SANAE? Enige groot historiese gebeurtenis, of julle toe nou bietjie na die tyd gehoor het, te hore gekom het, of wat julle gemis het of so?

A: Daar was ... Petrolpryse in die laaste tyd ... natuurlik vir ons baie pla! Terwyl ons hier is, dan hoor ons die petrolprys is geweldig op, en jy't jou beplanning gedoen en so aan, en dan hoor jy ... Maar nee ... 2004 was ons met die verkiesing daar anderkant gewees; gelukkig, ons was nie hier gewees nie. So ek kan nou nie op die oomblik onthou ... iets groot wat in Suid-Afrika gebeur het terwyl ons hierso gewees het nie. Maar wat wel ... wat tragies is, is dat elke slag as ons hierso is, is daar van die manne se naaste familie wat afgesterwe het.

V: Ai ...

A: Pa's en ma's ... En dit het nog elke slag ... Dit het nou weer gebeur.

V: Ai, jinne.

A: Hierdie een ou, sy swaer is dood.

V: Ai.

A: En dis nogal *sad*, jy weet. En ek ... En dis nog altyd my *job* gewees om vir die mense te gaan sê; ek moet nou vir die man gaan sê 'maar jou pa is nou dood' of 'jou broer is dood'. Elke *trip* het dit gebeur, vir ag jaar lank; en dit was nie 'n lekker taak gewees nie.

V: Nee, 'n mens raak dit ook nie gewoond nie.

A: Nee; *no*

V: Nee, gits. Nou hoekom dink oom is dit belangrik om 'n basis op Marion te hê?

A: Vir die nageslag, om die natuurlewe hier te bewaar. Ek dink dit is baie belangrik en ek is self baie lief vir die natuur, en ek dink hulle moet dit so hou. En ek dink ook hulle moet dit nooit verander na 'n toerisme-destinasie nie.

V: Hoekom nie?

- A:** Want hulle sal hierdie plek vertrap. Hierdie mense ... Hulle moet net die wetenskaplikes hiernatoe bring en hulle kan die navorsing doen. Dit is vir my belangrik en ek dink dis 'n goeie ding wat gebeur het. En die omstandighede, jou laboratorium is nou so dat ek dink die mense kan 'n beter diens verrig nou.
- V:** Dis goed ... En hoekom is 'n basis op SANAE belangrik?
- A:** ... Ek het al gewonder oor ... SANAE, want daar's nie so baie ... behalwe die geoloë wat daar is en die ... Ek moet vir jou eerlikwaar sê, ek dink dit is ... Ek dink meer – ons wil nie politiek praat nie, maar ek dink dis meer om te sê Suid-Afrika het ook 'n basis in die Suidpool.
- V:** Mense by die huis, wat is die grootste wanopvatting wat hulle het oor Antarktika, en ook oor Marion?
- A:** Die mense by die huis ... ?
- V:** Ja, of in die algemeen – mense in die publiek en so waarvan oom weet.
- A:** Die mense dink as ons hiernatoe kom, dan dink hulle ons gaan na een van die Griekse Eilande toe.
- V:** Na 'n tropiese eiland?!
- A:** Na 'n tropiese eiland toe! Dis wat die mense dink. En hulle dink dis 'n ... ons gaan nou lekker op die eiland wees, en hulle het geen idee van die omstandighede hierso, van die wind en die koue en die *job* wat gedoen moet word nie. Maar hulle hoor net “eiland”, en hulle dink dis 'n tropiese eiland. En hulle het in hulle verbeelding ... Hulle vra hoe lyk die bome ... hoe lyk die palmbome en ...
- V:** So het dit nou al gebeur dat daar 'n paar ouens op die konstruksiespan is en dan kom hulle hier aan en dan's dit glad nou nie wat hulle gedink het nie?
- A:** Dit het al gebeur. En hierdie span van ons, die ou manne, hulle is ook lief om vir die mense ander prentjies te skilder ...
- V:** O, bietjie spot te dryf?!
- A:** Met hulle spot te dryf.
- V:** O, nou wat sê hulle alles?
- A:** Hulle praat byvoorbeeld van jy kan vandag na die ATM ... as jy geld het en jy't 'n ATM-kaart, dan dadelik kan jy gaan geld trek daarso; en die tiekieboks – jy kan vir jou ma met die tiekieboks bel ...!
- V:** Haai!

- A:** Dan kom die manne hier in ... Daar's van hulle wat dit glo, dan kom die manne hier in en hulle sê nou maar hier's nie 'n ATM nie; hier's niks ... hier's nie 'n ATM nie; hier's nie eens 'n boom nie! Dit is hulle ...
- V:** En SANAE, wat dink die mense oor Antarktika?
- A:** Nee, ekself ook, is Antarktika vir my 'n wonderlike plek en die meeste van die ouens wat daarna toe gaan, wat skoon ... natuurskoon ... en dis 'n plek ... Kyk, die Suidpool is 'n plek wat jy ... As jy daar so hard gewerk het, dan sê jy dis klaar en verby; ek kom nie weer hiernatoe nie. Maar jy sal altyd weer teruggaan. Ek sal altyd weer teruggaan Suidpool toe. Ek sal liewerster Suidpool toe gaan voor ek hiernatoe kom.
- V:** Hoe so? Bietjie moeg vir die koue en die nat?
- A:** Ja, die koue en die nat en ... Die omstandighede is nie vir my nie. Ek ... As ek die heeldag miskien in die gebou gewerk het, maar as jy hierso buitekant werk in die nat – dit maak jou klaar. En die wind ...
- V:** Beskryf vir Antarktika.
- A:** In 'n paar woorde sal ek hom beskryf het as ... Dit is 'n sneeuwoestyn, maar dis 'n lekker woestyn ... !
- V:** En beskryf Marion ...
- A:** Marion is 'n baie windgat plek, nat plek ... ! En ek ... En 'n fantastiese dierelewe en seelewe, maar nie eintlik die plek vir my nie!
- V:** Baie, baie dankie!
- A:** Plesier.

END VAN TRANSKRIPSIE